



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**RELIGIESTUDIES P1**

**2019**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Begin ELKE antwoord op 'n NUWE bladsy.

5. Die lengte van die antwoorde moet ooreenstem met die punte wat aan elke vraag toegeken is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 D.

1.1.1 Geloof aan een godheid:

A Monoteïsme
B Taoïsme
C Teïsme
D Dualisme (1)

1.1.2 Dit is NIE een van die Hindoe-geskrifte NIE:

A Vedas
B Bhagavad Gita
C Pandjab
D Upanishad (1)

1.1.3 In die Christelike godsdiens beteken inkarnasie dat …

A God 'n menslike wese geword het.
B Jesus Sy dissipels onderrig het.
C Lasarus uit die dood opgestaan het.
D Jesus deur kruisiging gesterf het. (1)

1.1.4 In Judaïsme staan die primêre heilige geskrifte gesamentlik as … bekend.

A die Koran
B Kitáb-i-Aqdas
C die Tenach
D die Vedas (1)

1.1.5 Dhammapada verwys na die vers in hierdie heilige geskrif:

A Bhagavad Gita
B Koran
C Pali Kanon
D Masiphakule (1)

1.1.6 Hierdie godsdiens sê niks oor 'n goddelike wese nie:

A Judaïsme
B Taoïsme
C Islam
D Afrika Tradisionele Godsdiens (1)

1.1.7 Die intergodsdienstige organisasie wat as die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede bekend staan, …

A is een van die uitkomste van die Parlement van die Wêreld se Godsdienste.
B is in 1970 gestig.
C is in Japan gestig.
D Al die bogenoemde (1)

1.1.8 Die mees algemeen aanvaarde menseregtedokument is die …

A Suid-Afrikaanse Handves van Regte.
B Amerikaanse Onafhanklikheidsverklaring.
C Universele Verklaring van Menseregte.
D Konvensie oor Kinderregte. (1)

1.1.9 Alle godsdienste aanbid en glo aan dieselfde God. Dit is die hooflering van …

A Boeddhisme.
B die Bahá'i-geloof.
C Taoïsme.
D Islam. (1)

1.1.10 Voorbeelde van sinkretisme is …

A Hindoeïsme en Boeddhisme.
B Afrika-geïnisieerde Kerke en Sikhisme.
C Taoïsme en die Bahá'i-geloof.
D Judaïsme en die Christelike godsdiens. (1)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord neer te skryf. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 Die wedergeboorte van die siel of gees in 'n nuwe liggaam word … genoem. (1)

1.2.2 Om na 'n heilige plek of altaar as 'n daad van toewyding te reis, word … genoem. (1)

1.2.3 Die hoofkwartier van die Bahá'i-geloof is in die stad … (1)

1.2.4 Die siening dat jy die bestaan van 'n opperwese nóg kan bewys nóg nie kan bewys nie, word … genoem. (1)

1.2.5 'n Geestelike dissipline wat asemhalingsbeheer en eenvoudige meditasie insluit, word … genoem. (1)

1.2.6 'n Stel godsdienstige oortuiginge wat sonder betwyfeling aanvaar word, staan as … bekend. (1)

1.3 Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Moet NIE enige letter meer as EEN keer gebruik NIE.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Die wetenskap om godsdienstige tekste te vertolk/interpreteer | A | sutta |
| | | B | kosjer |
| 1.3.2 | Ontken die bestaan van God | C | haraam |
| 1.3.3 | Die woorde van die Boeddha | D | doktrine |
| 1.3.4 | 'n Doel wat deur Hindoes bereik moet word | E | ateïsme |
| 1.3.5 | Dit wat in Judaïsme toelaatbaar is | F | Artha |
| 1.3.6 | 'n Stelselmatige godsdienstige lering | G | hermeneutika |
| | | H | sunnah |

(6 x 1) (6)

1.4 Kies die woord in ELKE lys hieronder wat NIE by die res pas NIE. Skryf die woord langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.4) in die ANTWOORDEBOEK neer en gee 'n rede waarom dit NIE pas NIE.

VOORBEELD: Piesang; Appel; Aartappel; Druiwe
ANTWOORD: 1.4.5 Aartappel. Die ander is almal vrugte.

1.4.1 Tien Gebooie; Halakhah; Mitzvot; Shaktisme (2)

1.4.2 Eucharistie; Ketter; Sakrament; Opstanding (2)

1.4.3 Kalief; Ghoeroe; Ayatollah; Imam (2)

1.4.4 Taoïsme; Boeddhisme; Afrika Tradisionele Godsdiens; Judaïsme (2)

1.5 Skryf TWEE sinne oor ELK van die volgende konsepte in die konteks van godsdiens:

1.5.1 Inspirasie (2)

1.5.2 Mite (2)

1.5.3 Karma (2)

1.5.4 Vergelykbaarheid (2)

1.5.5 Bodhisattva (2)

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

1.6 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.6.1 tot 1.6.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

1.6.1 Die Soenni-Moslems het Ali as die opvolger van Profeet Muhammad ondersteun. (2)

1.6.2 In Afrika Tradisionele Godsdiens word 'n sjamaan as 'n godheid aanbid. (2)

1.6.3 Die Handves vir Barmhartigheid toon 'n inklusiewe houding ten opsigte van godsdienste. (2)

1.6.4 Fundamentaliste ondersteun gewoonlik die mens se reg tot godsdiensvryheid. (2)

1.6.5 Sampradayas verwys na die onderafdelings in Judaïsme. (2)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 2

2.1 Verduidelik die volgende terme en gee EEN voorbeeld van ELK:

2.1.1 Kerkverband (4)

2.1.2 Teïsme (4)

2.1.3 Gelykenis (4)

2.2 2.2.1 Gee TWEE voordele daarvan om 'n sterk godsdienstige identiteit te hê. (4)

2.2.2 Gee TWEE nadele van godsdienstige identiteit. (4)

2.3 Noem enige TWEE Oosterse godsdienste en bespreek DRIE ooreenkomste tussen hulle. (10)

2.4 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE HANDVES VIR BARMHARTIGHEID**

Die Handves vir Barmhartigheid is 'n globale netwerk wat deur die wêreldgodsdiensgeleerde, Karen Armstrong, in samewerking met die Gewetensraad, 'n multigodsdienstige, multinasionale groep denkers, ingestel is.

[Aangepas uit *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*]

2.4.1 Wat word met *barmhartigheid* in die uittreksel hierbo bedoel? (2)

2.4.2 Noem enige DRIE beginsels van die Handves vir Barmhartigheid. (6)

2.5 Evalueer die huidige stand van intergodsdienstige verhoudinge in Suid-Afrika. Verwys na ontwikkelings vanaf 1994 tot nou toe. (12)
**[50]**

**VRAAG 3**

3.1 Noem TWEE unieke eienskappe van ELK van die volgende godsdienste:

3.1.1 Judaïsme (4)

3.1.2 Bahá'i-geloof (4)

3.1.3 Christelike godsdiens (4)

3.1.4 Taoïsme (4)

3.2 Gee DRIE redes waarom die uniekheid van 'n godsdiens belangrik is. (6)

3.3 Skryf TWEE sinne oor ELK van die unieke eienskappe van die Afrika Tradisionele Godsdiens hieronder:

3.3.1 Rol van die voorvaders (4)

3.3.2 Gemeenskaplike lewenswyse (4)

3.3.3 Geen spesiale dag van aanbidding nie (4)

3.3.4 Geen geskrewe teks nie (4)

3.4 Tot watter mate het Afrika Tradisionele Godsdiens die Christelike godsdiens in Afrika beïnvloed? Gee bewyse om jou antwoord te steun. (12)
**[50]**

## VRAAG 4

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**GODSDIENS EN DIE MEDIA**

Maak nie saak hoe hard die media probeer om objektief te wees nie, hulle dra 'n standpunt oor wanneer hulle die nuus kommunikeer … Daarom is dit belangrik om krities te wees wanneer 'n nuusuitsending gevolg word, veral as dit oor iets belangriks gaan.

[Aangepas uit *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*]

4.1 Brei in breë trekke uit op die verskillende maniere waarop godsdienste op negatiewe dekking in die media kan reageer. (10)

4.2 Bespreek hoe 'n persoon die media vir sy/haar eie volgehoue ontwikkeling kan gebruik om godsdiens te verstaan. (8)

4.3 Na jou mening, wat is die TWEE belangrikste beginsels wat in gedagte gehou moet word wanneer jy die media as 'n bron vir godsdienstige groei en ontwikkeling wil gebruik? Motiveer jou antwoord. (8)

4.4 Hoe hanteer die media godsdienstige kwessies in Suid-Afrika? Gebruik die volgende opskrifte wanneer hierdie vraag beantwoord word:

4.4.1 Die gewildheid van verskillende tipes media met betrekking tot godsdiens (8)

4.4.2 Die inhoud en verspreiding van godsdienstige dekking (8)

4.4.3 Die objektiwiteit en/of vooroordeel van die godsdienstige dekking (8)
**[50]**

**VRAAG 5**

5.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MENSEREGTE**

Ons beskou hierdie waarhede as voor die hand liggend, dat alle mense gelykwaardig geskape is, dat die Skepper hulle met sekere onvervreembare regte, soos lewe, vryheid en die strewe na geluk bedeel het … dat, wanneer enige regeringsvorm hierdie doel afbreek, dit die reg van die mense is om dit te wysig of te herroep.

[Uit die Amerikaanse Onafhanklikheidsverklaring]

5.1.1 'Ons beskou hierdie waarhede as voor die hand liggend, dat alle mense gelykwaardig geskape is, …'

Verduidelik kortliks die godsdienstige leringe van enige TWEE godsdienste wat die leerbeginsel 'dat alle mense gelykwaardig geskape is, …', handhaaf. (8)

5.1.2 Bespreek praktiese maatreëls wat jy dink verskillende godsdienste kan volg om te verseker dat menseregte nie geskend word nie. (10)

5.1.3 Dink jy dat godsdienstige organisasies 'n rol in die viering van Menseregtedag in Suid-Afrika moet speel? Gee redes om jou antwoord te steun. (6)

5.2 Watter rol het godsdienstige organisasies voor 1994 in Suid-Afrika se vryheidstryd gespeel? (12)

5.3 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VRYHEID VAN GELOOF EN GODSDIENS**

Almal het die reg tot vryheid van geloof en godsdiens; hierdie reg sluit in die vryheid om van godsdiens of geloof te verander, en die vryheid om hetsy alleen of in 'n gemeenskap hierdie godsdiens of geloof te beoefen deur lering/verkondiging, praktyk, aanbidding en onderhouding.

[Uit die Universele Verklaring van Menseregte, Artikel 18]

5.3.1 Bespreek die stelling hierbo deur te toon dat regte en verantwoordelikhede nie geskei kan word nie. (8)

5.3.2 Gee EEN voorbeeld ELK van 'n lering/leerbeginsel van enige DRIE godsdienste wat die balans tussen menseregte en verantwoordelikhede uitlig. (3 x 2) (6)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou